**PROKLAMASIE NO. R. 9 VAN 2017**

**van die**
**PRESIDENT van die REPUBLIEK van SUID-AFRIKA**

**WET OP SPESIALE ONDERSOEKEENHEDE EN SPESIALE TRIBUNALE, 1996 (WET NO. 74 VAN 1996): VERWYSING VAN AANGELEENTHEDE NA BESTAANDE SPESIALE ONDERSOEKEENHEID**

AANGESIEN bewerings soos beoog in artikel 2(2) van die Wet op Spesiale Ondersoekeenhede en Spesiale Tribunale, 1996 (Wet No. 74 van 1996) (hierna na verwys as die "Wet"), gemaak is in verband met die aangeleenthede van die—

(*a*) KwaZulu-Natal Provinsiale Departement van Landbou en Plattelandse Ontwikkeling (voorheen bekend as die Departement van Landbou, Omgewingsake en Plattelandse Ontwikkeling) (hierna na verwys as "die Departement"); en

(*b*) Mjindi Farming (Edms) Bpk (hierna na verwys as “Mjindi”), wat ‘n Provinsiale regeringsbesigheidsondernemings van die KwaZulu-Natalse Provinsiale Regering ingevolge Bylae 3, Deel D van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999), is,

(hierna gesamentlik na verwys as “die Instellings”);

EN AANGESIEN die Instellings of die Staat moontlike verliese gely het wat verhaal kan word;

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

EN AANGESIEN ek dit nodig ag dat gemelde bewerings ondersoek en siviele geskille voortspruitend uit sodanige ondersoek bereg moet word;

DERHALWE verwys ek hierby, kragtens artikel 2(1) van die Wet, en op versoek van die Premier van die KwaZulu-Natal Provinsie, die aangeleenthede in die Bylae vermeld, ten opsigte van die Instellings, vir ondersoek na die Spesiale Ondersoekeenheid ingestel by Proklamasie No. R. 118 van 31 Julie 2001 en bepaal dat, vir die doeleindes van die

ondersoek van die aangeleenthede, dit die opdrag van die Spesiale Ondersoekeenheid is om soos beoog in gemelde Wet, ondersoek te doen na enige beweerde—

(*a*) ernstige wanadministrasie in verband met die aangeleenthede van die Instellings;
(*b*) onbehoorlike of onregmatige optrede deur werknemers of beamptes van die Instellings;
(*c*) onregmatige bewilliging of besteding van publieke geld of eiendom;
(*d*) onwettige, onreëlmatige of nie-goedgekeurde verkrygende handeling, transaksie, maatreël of praktyk wat op Staatseiendom betrekking het;
(*e*) opsetlike of nalatige verlies van publieke geld of skade aan publieke eiendom;
(*f*) misdryf bedoel in Dele 1 tot 4, of artikel 17, 20 of 21 (vir sover dit op voornoemde misdrywe betrekking het) van Hoofstuk 2 van die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede, 2004 (Wet No. 12 van 2004), en welke misdrywe in verband met die sake van die Instellings gepleeg is; of
(*g*) onwettige of onbehoorlike optrede deur enige persoon wat ernstige benadeling vir die belange van die publiek of enige kategorie daarvan veroorsaak het of kan veroorsaak,

wat plaasgevind het tussen 1 Februarie 2011 en die datum van publikasie van hierdie Proklamasie of wat plaasgevind het voor 1 Februarie 2011 of na die datum van publikasie van hierdie Proklamasie, wat relevant is tot, verband hou met, insidenteel of bykomstig is tot, die aangeleenthede vermeld in die Bylae of wat dieselfde persone, entiteite of kontrakte betrek wat ondersoek word kragtens die volmag verleen deur hierdie Proklamasie, en om al die werksaamhede en bevoegdhede wat deur die Wet aan die gemelde Spesiale Ondersoekeenheid toegewys of opgedra is, uit te oefen of te verrig in verband met die genoemde aangeleenthede in die Bylae, insluitend die verhaal van enige verliese wat deur die Instellings of die Staat gely is.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria op hede die Negende dag van Desember Twee duisend-en-sestien.

**J G Zuma**
**President**

Op las van die President-in-Kabinet:

**T M Masutha**
**Minister van die Kabinet**

# BYLAE

1. Die aanskaffing van, en kontraktering vir—
(*a*) kunsmis, saad of saad-aartappels; of
(*b*) goedere, werke of dienste verbandhoudend met geleenthede of geleentheidsbestuurdienste,

deur of namens die Departement en betalings wat in verband daarmee gemaak is op 'n wyse wat—
(i) nie regverdig, billik, deursigtig, mededingend of koste-effektief was nie; of
(ii) strydig was met toepaslike—
(*aa*) wetgewing;
(*bb*) handleidings, riglyne, omsendbriewe, praktyknotas of instruksies wat deur die Nasionale Tesourie of toepaslike Provinsiale Tesourie uitgevaardig is; of
(*cc*) handleidings, kodes, beleid, prosedures, instruksies of praktyke van, of wat op die Departement van toepassing is,

en enige verwante onreëlmatige of vrugtelose en verspilde uitgawes wat deur die Departement opgeloop is.

2. Die aanskaffing van, en kontraktering vir landbou toerusting deur of namens die Instellings en betalings wat in verband daarmee gemaak is op 'n wyse wat—
(*a*) nie regverdig, billik, deursigtig, mededingend of koste-effektief was nie; of
(*b*) strydig was met toepaslike—
(i) wetgewing;
(ii) handleidings, riglyne, omsendbriewe, praktyknotas of instruksies wat deur die Nasionale Tesourie of toepaslike Provinsiale Tesourie uitgevaardig is; of
(iii) handleidings, kodes, beleid, prosedures, instruksies of praktyke van, of wat op die Instellings van toepassing is,

en enige verwante onreëlmatige of vrugtelose en verspilde uitgawes wat deur die Instellings opgeloop is.

3. Enige ongeopenbaarde of ongemagtigde belange wat die raadslede, direkteure, beamptes of werknemers van die Instellings of enige van hulle familielede kon gehad het—
(*a*) met kontrakteurs, verskaffers of diensverskaffers wat—
(i) geregistreer was op die Verkoper Databasis van die Instellings;
(ii) besigheid gedoen het met die Instellings; of
(iii) in 'n posisie was om die aankope wat deur of namens die Instellings gemaak is, te beïnvloed; of
(*b*) in kontrakte wat deur of namens die Instellings goedgekeur was,

ten opsigte van kunsmis, sade, saad-aartappels, landboutoerusting, landbou-insette, chemikalieë, voedselproduksie pakke, geleenthede of geleentheidsbestuurdienste.

4. Bedrog, korrupsie, onreëlmatighede, wanpraktyke of wanadministrasie in die aangeleenthede van die Instellings ten opsigte van die aangeleenthede verwys na in paragrawe 1, 2 en 3 van hierdie Bylae, insluitende die oorsake van sodanige bedrog, korrupsie, onreëlmatighede, wanpraktyke of wanadministrasie en enige verliese, skade of werklike of potensiële nadeel wat die Instellings of die Staat mag gely het.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za